# “EK IS die brood wat die lewe gee!”

**<u>Lees</u>: Joh 6** **Donderdag 3 Junie 2021**

**<u>Eet is die natuurlikste saak in die lewe</u>**. ‘n Pasgebore babetjie se eerste behoefte is na melk, kos. Daarom reeds in die tuin van Eden het God aan die mens die heerlikste vrugte gegee om van te eet. Wie nie eet nie, kan nie lewe nie. Kos gee ons krag vir elke dag. Ons lewe gaan daaroor om elke dag so te werk en te leef dat ons kos op die tafel kan hê om te eet.

**<u>Nou lees ons in Joh 6 dat daar oor die 5 000 mense na Jesus kom luister het</u>** en teen die aand was hulle honger. Met net twee vissies en vyf brode het Jesus met ‘n wonderwerk hierdie mense gevoed. ‘n Wonderwerk. Onverstaanbaar groots. Maar Jesus gee kos vir honger mense. Brood en vis. Jesus het hulel gevoed en vir die kos gedank.

Die dag **nà** die wonderbaarlike vermeerdering van die brood, het daar weereens ‘n klomp mense na Jesus toe gekom. Die rede hoekom hulle weer na Jesus gekom het, was bloot om weer brood, kos te kry. Jesus sê dit self.

**<u>Joh 6:26,27</u>** **“24** Toe die mense sien dat Jesus nie daar is nie en sy dissipels ook nie, het hulle in die skuitjies geklim en na Kapernaum toe gevaar op soek na Jesus. **25** En toe hulle Hom oorkant die see kry, vra hulle vir Hom: “Rabbi, wanneer het u hierheen gekom?” **26** Jesus antwoord hulle: **“Dít verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het. 27** Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen.”

**<u>Hoe eet jy dan by wyse van spreke vir Jesus as die Brood wat ewige lewe gee?</u>**

As Jesus sê: **“Ek is die brood wat lewe gee.”** dui dit natuurlik op geestelike voedsel. Dit is om in Jesus Christus te glo. Want Jesus is nie soos brood wat jy elke dag moet eet om versadig te bly nie. Jesus is geestelike brood, wat die ewige lewe gee. As jy Jesus eet, beteken dit dat jy in Hom glo. **<u>Geloof is meer as net kennis en vertroue.</u>** Geloof is ook om na Jesus toe te keer, om in ‘n intieme, persoonlike verhouding met Hom te staan. Jy eet Jesus as ‘ n ware deur die Woord te lees, te bid, die kennis te verkry hoe God homself openbaar, en deur met Jesus te wandel, Hom as ‘n ware te eet, jou te versadig met die kennis en vertroue en dat Jesus jou enigste weg tot saligheid is. En die Heilige Gees bewerk dit in jou hart.

**<u>Die Jode het gevra in Joh 6:28</u>**:

> **“Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?”**

**<u>Jesus het geantwoord in Joh 6:29:</u>**

> **“Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het.”**

**Om te glo in Jesus Christus is om**…

- Te weet hoe groot God se onmeetlike liefde vir ons is.
- Te weet dat God sy Enigste, sy Eniggebore Seun geoffer het om in ons plek te betaal vir al ons sondes.
- Te weet dat die doel van God se liefde en versoeningswerk deur Jesus Christus is sodat ons die ewige lewe kan hê om God vir ewig te verheerlik in die hemel.

**Jesus het gesê: “EK IS die brood wat die lewe gee!”**

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com*

# Daar is ‘n klomp Ek is... uitsprake in die Skrif.

## Proton Ek is…” uitspraak van Exodus 3:14

Ex 3:14 “Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê:
‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.”

## Sewe “Ek is….” uitsprake in die evangelie van Johannes.

| | |
|---|---|
| Joh 6:35 | “Ek is die brood wat die lewe gee.” |
| Joh 8:12 | “Ek is die lig vir die wêreld.” |
| Joh 10:7-9 | “Ek is die ingang vir die skape.” |
| Joh 10:11-14 | “Ek is die goeie herder.” |
| Joh 11:25-26 | “Ek is die opstanding en die lewe.” |
| Joh 14:6 | “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” |
| Joh 15:1,5 | “Ek is die ware wingerdstok en my vader is die boer.” |

## Drie “Ek is ….” Uitsprake in die boek Openbaring.

| | |
|---|---|
| Open 22:12 | “Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die einde.” |
| Open 22:16a | “Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid” |
| Open 22:16b | “Ek is die helder môrester.” |

**Bronne**

**Coetzee. C.(red)** 1984 Quo Vadis? http://www.cjbf.co.za/uitreik/quovadis/qv185.pdf